Attestate

Die attestate van Frank van der Kooy en sy eggenote Gerda Cornelia asook dooplidmaat Willem Johan word afgegee na GK Potchefstroom-Suid.

HAMBURGERBRAAI

Die volgende gemeente-aand en hamburgerbraai

VRYDAGAAND
28 Januarie 2022

Ons kuier gesellig saam vanaf 17:30 by die saal.
Vir 'n bestelling bel Pieter by die kerkkantoor
☎ 018 294 4600 of ☎ 082 923 1384

R 25 per hamburger. Pannekoek **R 5.** **Worsbroodjies R 25**

Op spesiale versoek is ook worsbroodjies beskikbaar maar plaas u bestelling vroegtydig sodat ons voorsiening daarvoor kan maak.



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 38, nr 1 Sondag 16 Januarie 2022
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste: Ouderling wyk 11 **Lappies Labuschagne** en wyk 12 **Nico Spaumer.**
Diaken: Wyk 11 en Wyk 12 **Gert Kruger (jnr).**

EREDIENSTE Beide dienste waargeneem deur ds Jannes van Dyk

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddiens om 9:30: Eredienste ook per whatsapp

OGGEND Woordbediening: 1 Petrus 1:1-16.
Fokusverse: 1 Petrus 1:14-16.
TEMA: ***Uitverkorenes tot die lewende hoop lewe heilig omdat Hy wat hulle roep, heilig is.***
Sing vooraf: Psalm 24: 1, 2
Sing tydens die erediens: Psalm 97: 1, 7; Psalm 99: 5;
Skrifberyming 33: 1, 2, 3 (Tema 2 - 4); Skrifberyming 24: 1, 2, 3. (Tema 1 - 1)

AAND Woordbediening: Eksodus 34.
Fokusverse: Eksodus 34: 5 - 7.
Belydenis: Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 20.
Sing vooraf: Psalm 18: 1, 12.
Sing tydens die erediens: Psalm 103:1, 2, 3; Psalm 51:1, 2;
Psalm 145: 1, 4, 5, 10, 12.

Kollektes vanoggend: ***Diens van Barmhartigheid*** in die blou sakkies en vir die ***Emeritaatsversorging*** in die rooi sakkies.
Vanaand: *Diens van Barmhartigheid (blou)*en *Kerkkas (rooi)*

Hierdie uitgawe van *Op die Kerkwerf* is die eerste van 2022.

Ons wens u almal 'n voorspoedige 2022 toe.

LIEF EN LEED

Ons verseker ons broers en susters van ons voorbidding vir hulle en dit is ons gebed dat ons hemelse Vader Hom oor hulle sal ontferm, aan hulle lewenskrag, lewenskwaliteit en goeie gesondheid sal gee.

Annie Coetzee 083 300 7794 het verlede week geval en 'n wond aan haar kop opgedoen. Sy is vir 'n paar dae in die hospitaal versorg en sterk nou tuis aan.

Annatjie Kruger 076 391 7688 was ook die afgelope week siek en is in die ongevalle-eenheid van Medikliniek behandel. Sy sterk ook nou tuis aan.

Mandie de Klerk 082 709 8659 het die afgelope week 'n prosedure ondergaan waartydens 'n poort ingeplant is vir die behandeling wat sy vir hart- en nierversaking ontvang.

Bennie en Wouna van den Berg 083 356 6308 het die afgelope week afsprake by die ortopediese chirurg nagekom. Bennie word môreoggend opgeneem vir verdere ondersoeke en pynbehandeling.

Japie van Jaarsveld 072 521 9813 is nog steeds opgeneem in die Chris Hani-Baragwanath Hospitaal waar 'n reeks toetse en ondersoeke op hom uitgevoer word. Japie ontvang tans eers behandeling vir nierstene voordat dokters die ondersoeke verder sal voer.

Susan Nortjé 079 781 0499 is die afgelope week in Wilmedpark Hospitaal as gevolg van 'n hoë infeksietelling behandel. Sy sou Donderdagoggend 'n nierbiopsie ondergaan het. **Koos Nortjé** 079 760 3602 moet Donderdag (20/01) 'n prosedure ondergaan.

Die troosdiens van **Jannie Snyman** het Vrydagoggend uit ons kerkgebou plaasgevind en is waargeneem deur prof Callie.

Ons maak met leedwese bekend die afsterwe van **ds Henk van Bemmel**, emeritus van GK Trinitas in Vanderbijlpark op 11 Januarie.

Kalender: Die 2022 kalender is in die kerksaal beskikbaar. Ons versoek dat u soos gewoonlik een per gesin sal neem.

Katkisasie-opening

Ons katkisasiewerksaamhede vir 2022 begin vanoggend met die opening in die kerkgebou.

Verbondsouers met hulle kinders moet asseblief in die middelblok voor die preekstoel bymekaar kom. Verdere reëlings sal daar deurgegee word. Volgende Sondag **23 Januarie** sal **Les 1** behandel word.

Bybelstudie ook DV hierdie week:

Dinsdagmiddae om 15:00 is daar 'n Bybelstudiegeleentheid by Huis Eikelaan onder leiding van prof. Callie.

Elke tweede *Woensdagaand* (om 18:30), *Donderdagoggend* (om 09:30) *en Donderdagaand* (om18:30) is daar ook Bybelstudiebyeenkomste waarby u welkom is om in te skakel.

Al ons **jongmense** word hartlik uitgenooi om op **Woensdagaande** in die jeuglokaal bymekaar te kom.

Donderdagoggende om 09:30 en **–aande** om 18:30 ontmoet ons mekaar in die kerkkantoor.

Ons hoop om hierdie kwartaal tydens die byeenkoms op Woensdagaande die boek **Daniël** af te handel. Die groep wat Donderdagoggende byeenkom, is besig om die boek Handelinge te bestudeer. Donderdagaande gaan ons aan die hand van 'n boekie van ds. Chris Hattingh leer wat 'n verbondslewe in gemeenskap met God behels, en wat nie. Afdrukke sal voorsien word.

Omdat die getal lidmate wat die Bybelstudiegeleenthede bywoon in verhouding tot die aantal lidmate in die gemeente redelik min is, vind Bybelstudie tweeweekliks plaas sodat ds. Jannes meer tyd op hande kan hê vir huisbesoeke.

Vergaderings:

17 Januarie: Bedieningskommisie om 17:30

19 Januarie: Hoërskool kategese om 15:30.

VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Die volgende lidmate word hartlik gelukgewens met hulle verjaardae. Mag dit vir u en u dierbares 'n baie geseënde nuwe lewensjaar wees

17 Jan **Banie Nortjé,** Eleazerstraat 31, ☎ 072 874 0351. Wyk 20

20 Jan **Mart Kruger,** Huis Eikelaan Suidblok 15, ☎ 079 775 6685. Wyk 13

Die spesiale kollektes in Januarie 2022 gaan vir:

Sondag	16 Januarie	**Emeritaatsfonds**
Sondag	23 Januarie	GKSA Sustentasiefonds
Sondag	30 Januarie	Teologiese Studentekas